

13 September Matteus 18:10-14; (Teks: 18:10-14)

Geringheid en grootheid

'n Ware burger van God se koninkryk is iemand wat homself gering ag. So 'n persoon is nie vol van homself nie, maar vertrou ten volle op sy Here. Sy verwagting is gevestig op die een unieke Here Jesus Christus wat gekruisig is, opgestaan het uit die dood en met groot heerlijkheid weer sal kom vanuit die hemel waarheen Hy opgevaar het.

Op hierdie wyse kom twee sake ook bymekaar uit wat ons menslikerwys nie bymekaar sou plaas nie: 'n Nederige mens wat kinderlik homself gering ag en die eksklusiewe burgerskap van die ewige koninkryk van God.

So is dit die wil van God om die grootste heerlijkheid te skenk aan hulle wat in die geloof kinderlik klein voor Hom staan. Juis vir die honderdste skaap van die kudde (vgl. vers 12), vir die mens wat voel om laaste in die ry van menslike belangrikheid te staan, wil God sy enigste Seun se versoening gee om hom koninkryk-ryk te maak. Hierin is dan ook die groot paradoks van die Christendom geleë, iets wat die wêreld nie kan verstaan nie: Nederigheid en kinderlike geringheid by God se mense is geen aanduiding van minderwaardigheid of waardeloosheid nie, maar juis van die grootheid en die ewigheid wat as sekere erfenis weggeleë is vir dié wat in Jesus Christus lewe.

Sing: Skrifberyming 15:2,6,7

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)